14. Bybelmedia, Bybelvertaling en Bybelverspreiding

14.1 RAPPORT 1: DEPUTATE BYBEL – BYBELMEDIA (Art 89)

A. Ds DJ Bakker lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.1.1)
Benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespanele gebruik maak in die keuring van manuskripte.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Daar het skakeling met Bybelmedia plaasgevind op 25 Februarie 2014.
2.2 Voortspruitend uit die skakeling:
2.2.1 Bybelmedia gee ’n ope uitnodiging aan kundiges uit die Gereformeerde Kerke om te deel in die uitgee van geskrifte en produkte van waarde in toerusting van gelowiges.
2.2.2 Die tydskrif “*Kruisgewys*” word aan elke predikant uitgestuur deur Bybelmedia. Indien predikante nie die tydskrif wil ontvang nie kan hulle per e-pos daarvan kennis gee aan Bybelmedia (info@bmedia.co.za).
2.2.3 Bybelmedia versoek predikante wat vrymoedigheid het om ’n artikel te skryf om opgeneem te word in die tydskrif “*Kruisgewys*” om hulle artikel in te stuur.
2.2.4 Bybelmedia stel hulle BM-katalogus aan die Deputate beskikbaar met die moontlikheid dat die Deputate geskikte publikasies en produkte vir die lees en gebruik in die Gereformeerde Kerke kan aanbeveel.
2.2.5 Predikante of gemeentes is welkom om hulle webwerf te besoek vir inligting in verband met al hulle publikasies (www.Bybel Media.co.za).

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.5 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat Deputate Bybel sy skakeling met Bybelmedia voortsit.

Besluit: Punt 3.1 goedgekeur.